

Inhoud Hierdie preek wys dat God se getrouheid om ons met sy skeppingsmag en kragte te versorg, beteken dat God landbouproduksie op aarde waarborg. God doen dit deur steeds te sorg vir slegte se voedselsekuriteit. Dit is 'n afgodsbeeld wat God voorhou as 'n god wat mense vir hul slegtheid aanval en verniel met sy skeppingskragte soos lug- en seestrome, hitte en koue en insekte. Net so sorg God vir voedselsekuriteit deur owerhede in te stel wat slegte mense tot verantwoording moet bring. God gee ons nie oor aan die magtiges wat hul bokant aanspreeklikheid verhef en landbou daardeur bedreig nie. In hierdie sorg van God is Hy die offer vir ons sonde sodat ons in en deur alle verliese in God se bestuur van sy skepping steeds sy volkome en heilige dienaars bly. In hierdie geloof kan ons volhard in ons roeping terwyl ons verliese ly.

Skriflesing Genesis 8: 21 – 9:5, 12 – 16; Heb. 12: 1 – 3, 12; 11: 1, 2, 8- 10, 13 -16.

Teks “Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Tema Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie.

1. Ons wil vanoggend die Here se leiding in sy Woord soek vir die druk waaronder ons as landbougemeenskap leef en ook vir Nienke Slabbert doop.

Kan God vir 'n babatjie soos Nienke 'n teken gee dat Hy haar in hierdie land, in hierdie gemeenskap, in hierdie tyd nog as Here sal kan liefhê, seën, bewaar en beskerm, wanneer dit met ons gaan soos dit op die oomblik met ons gaan? Veral omdat die doop 'n teken is dat sy deel is van die seëninge van die Here se verbond!

Ons as hoofsaaklik landbougemeenskap is op die oomblik onder byna onhoudbare druk. Kom ons kyk of ons vanoggend 'n geheelprentjie van hierdie druk op ons kan vorm!

- Ons is die afgelope 5 jaar deur die landswye droogte met reën geseën gewees op so wyse dat ons nog kon aanhou boer terwyl groot dele van die land se landboubedryf tot stilstand gekom en in skuldstrikke verstrengel geraak het. Nou lyk dit voorlopig egter asof hierdie droogte nou sy krag hier by ons ook wil wys.
- Ons leef met 'n regering wat vyandig is teenoor die landbougemeenskap, ons plase deur staatsgeweld wil vat sonder vergoeding, ons weerstand teen hierdie staatsdiefstal voorhou as rassisme en ons op hierdie wyse aan die gepeupel se moordlus en woede uitlewer.
- Ons oeste, pompe, kragbokse, kables, sonpanele en hekke word elke nag geplunder.

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

- Ons water in die kanaalstelsel is weggevat, ons boorgate word staatseiendom verklaar en ons elektriese kragnetwerk word nie meer in stand gehou nie al betaal ons daarvoor.
- Ons word gestrem met minimum lone, vakbondeise, regeringsregulering en arbeiders wat ons teister met CCMA sake.
- Ons waterkanale word gebruik as wasgoedplekke en afvalslote wat ons uitvoer in gevaarstel.
- Ons grond word betree omdat ons veld, wildlewe, visse en water as openbare besit beskou word vir jag, houtversameling, visvang en weiding, en ons opsit van drade om ons eiendom te beskerm as wederregtelike obstruksie deur die stamkapteins, die stamlede, en baie keer deur die polisie en owerheid.
- Ons plase word afgebrand deur die ongeërgheid, moedswilligheid en nalatigheid van mense met hul derde wêreldse kap-en-brand kultuur.
- Ons sukkel met skade aan oeste deur 'n ongekende ontploffing van blaaspootjies wat 'n baie groot deel van die nuwe oes al verwoes het.

Ons is die hele tyd besig om verliese te ly en te moet hanteer terwyl ons wil kos produseer!

Hierdie verliese stel ons voor die werklikheid dat baie van ons net nie só kan aanhou boer nie. Hierdie voortdurende verliese maak ons en ons kinders se werk, lewe en toekoms onseker. Veral omdat ons weet dat baie boere in ander dele van die land reeds hul werk, lewensonderhoud en plase al verloor het.

2. Is God besig om ons weens ons sondes met sy skeppingskrag van hoog en laagdrukstelsels, seestrome, insekte en swamme aan te val om ons aan te val, te verniel en te vernietig, en het Hy ons ongeërg aan die mag van die wetteloses wat ons besteel, plunder, saboteer, brand en teister oorgegee?

Hierdie vraag word geantwoord in Genesis 8: 21 – 9: 17!

God gebruik nie sy skeppingskragte teen ons om ons in woede aan te val, te verniel en te vernietig nie. Kyk hoe stel die Here dit: “Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie. So lank as die aarde bly bestaan, sal saaiyd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.”

Al doen alle mense van hul jeug of net slegte dinge, sal God nooit weer sy skeppingskrag teen hulle gebruik en met sy skepping die mens en lewe aanval om dit te verniel en te vernietig nie. Dit is 'n vaste onderneming van God as Skepper teenoor die mens: die skepping sal nooit weer iets wees waarmee God mense sal aanval en verniel nie.

3. Die teendeel is waar!

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

Solank as die aarde bestaan, sal God sorg dat saaityd en oestyd nooit ophou nie!

Kan u hoor wat God hier teenoor die hele mensdom onderneem? Solank as die aarde bestaan, die aarde het ook net 'n beperkte leeftyd, maar solank as dit bestaan, volgens ons kennis vir miljoene jare nog, sal God sorg dat landbouproduksie nooit sal ophou nie!

Dit is mos presies wat die woorde beteken: "Saaityd en oestyd sal nie ophou nie." Hierdie woorde beskryf dit wat ons vandag landbouproduksie of boerdery noem. God openbaar in sy Woord dat Hy sal sorg dat boerdery nooit op aarde sal ophou nie.

Hoekom nie? Want dit is hoe God sorg vir voedselsekuriteit vir alle mense op aarde. Daarmee openbaar die Here dat Hy vir alle mense op hierdie wyse sal sorg om te kan eet en leef, al doen hulle van hul jeugjare af net wat sleg is! Dit is mos presies wat die Here Jesus gesê in die woorde: "Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat dit reën oor dié wat reg doen en dié wat verkeerd doen. (Mat. 5:45)

4. Hoe sal God daarvoor sorg?

Dit kry u in die besondere beskrywing van hoe God sy skepping op só 'n wyse bestuur dat Hy sorg dat boerdery nooit sal ophou nie, want God sorg dat die volgende nooit sal ophou nie: nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie."

Koue en hitte beskryf die konstante wisseling van hoog en laagdrukstelsels, somer en winter die konstante wisseling van seisoene en dag en nag die konstante beweging van die son, soos hulle dit gesien het. Dit is God se skeppingskrag wat hierdie vaste ritmes in sy skepping aan die gang hou en wat alle lewe wat nodig is vir boerdery altyd aan die gang hou.

Vandag ken ons dag en nag as die konstante skepping van suurstof en koolsuurgas, die lewensasem van alle lewe, die wisseling van seisoene as die krag waardeur alle plante kan groei, rus en vrug dra, en hitte en koue as die wisseling van hoog en laagdrukstelsels waardeur God reën gee.

God sal tot die einde van die aarde se rakleef tyd sorg dat boerdery aanhou, maak nie saak hoe mense aanhou sonde doen nie, want God bly goed al is mense sleg! Slegte mense kan God nooit weer maak dat God sy skepping as wapen teen mense gebruik nie.

Alles wat God al deur sy skeppingskragte doen, kontinente verskuif en aardbewings veroorsaak, vulkane laat uitbars het en ys of hitte tydperk veroorsaak het, sonuitbarstings laat plaasvind wat hittegolwe veroorsaak, tifone en siklone wat

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

oorstromings veroorsaak, sal nooit weer 'n aanval op die mens of lewe op die planeet wees nie.

5. Daarvoor het God vir die hele mensdom 'n teken gegee – die reënboog!

“Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle, sal ek dink aan my verbond met julle en al die diere van die veld volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom wat alle lewende wesens uitroeï nie. Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die aarde.” Gen. 9:14,15)

Na elke storm is daar 'n reënboog!

Hierdie reënboog wys die son breek deur die wolke en die storm is verby, die ritme van hitte en koue, somer en winter, dag en nag hou aan, sonder dat daar ooit weer 'n katastrofe kan wees wat alle lewe verniel en uitwis.

Die reënboog is 'n teken dat God deur sy skeppingskrag en skeppingsmagte boerdery sal laat aanhou! Geen storm, geen droogte, geen houe is ooit 'n aanval van god op boerdery nie.

Só! Wie moet vir wie bang wees? Die mense vir God se skepping of die skepping vir die mens?

Dit stel die Here duidelik. Hy sal slegte mense nog steeds seën en die aarde bewoon, maar nou sal al die diere, voëls, reptiele en visse vir die mens bang wees. (Gen. 9: 2) Want deur sy slegtheid gaan hy nie meer God se skepping versorg nie. Dit is die mens wat God se skepping gaan aanval en verniel deur sy slegtheid, nie God wat die mens vir sy slegtheid met sy skeppingsmagte gaan aanval nie.

6. God en die “natuur” gaan ons aanval en vernietig! Dit is die katastrofe wat op pad is. Hel op aarde vir mense wat deur die natuur aangeval of deur God met sy skeppingsmagte aangeval gaan word!

Seker een van die skeefste voorstellings in die mens is sy sogenaamde stryd teen die natuur en die natuurkragte! In hierdie natuuropvatting val die natuur ons die hele tyd aan en bedreig ons met vernieling en uitwissing – en ons moet godloos ons eie kragte en magte teen die natuur ontwikkel om ons teen hierdie aanvalle te beskerm.

Ons moet bang wees vir die natuur, God se skepping!

Die diepste drif in die mens wat hierdie wanbeeld van God en sy skepping skep, of 'n godlose heelal en die natuur, is die mens se versugting na hemel op aarde!

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

Wat is hemel op aarde? Dit is wanneer die hele skepping inpas in wat ek wil doen en wat ek wil wees. Dan moet daar nie wisseling in God se skepping wees nie, maar alles moet vir my die hele tyd optimaal wees sodat ek die maksimum welvaart kan verkry. Daarom wanneer dit nie gebeur nie, dan verklaar mense dat 'n ramp en 'n katastrofe hulle getref het deur of God of 'n vyandige natuur. God of die natuur val hulle aan en neem hulle hemel op aarde weg.

Die reënboog is die stille teken wat getuig dit is nie waar nie: alles wat nie inpas by my hemel op aarde nie, is nie hel op aarde nie. Dit is God wat sorg dat landbou kan voortgaan!

7. Binne 'n wêreld waar God slegte mense die mag gee om alles te verniel, te roof, te plunder en te moor?

Dit is mos 'n wêreld waar die een wat die meeste geweld gebruik die een is wat kan doen wat hy wil! En dit is die verliese wat ons mos dra: hulle het die mag, ons is ontmagtig en hulle mag geweld gebruik om ons te roof, te moor, te plunder en te teister.

God het nie die wêreld waar Hy nie die skepping teen slegte mense gebruik, aan die mag van slegte mense oorgegee nie. Kyk hoe openbaar die Here dit in Gen. 9: 5 “Van 'n mens sal Ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens.” Hier stel God die owerheid in as die instelling wat van die gewels van slegte mense teen medemense rekenskap eis en hulle daarvoor straf. Dit is presies wat Paulus stel in Romeine 13: 1, 4: “En die owerheid wat daar is, is daar deur die beskikking van God. ... die owerheid is 'n Dienaar van God tot jou beswil.”

Binne Genesis 9 beteken dit dat God vir saaityd en oestyd sorg tussen slegte mense, vir boerdery tussen slegte mense, deur die owerheid wat Hy instel waardeur God self rekenskap van mense eis en hulle straf vir hulle oortredings.

Op hierdie wyse gee God boerdery nooit oor aan die geweld van slegte mense nie, want deur rekenskap te eis sorg God vir voedselproduksie tussen slegte mense sodat alle mense deur god gevoed kan word.

8. Ons mag ons nie misgis dat dit die mense in 'n owerheid is wat rekenskap eis van mense en wanneer hulle nie wil rekenskap eis nie, dan hoef hulle dit nie te doen nie.

Dit is die misgissing van die Afrika-magskultus: wie mag het eis rekenskap van wie en soos hulle wil, maar wie mag het, is bo enige rekenskap verhewe; wie mag het, is die goeie mense en wie nie mag het, is die slegte mense!

Hierdie is die geloof en magshouding waarmee ons grond opgeëis, ons oeste en bedryfmiddels gesteel word, ons aangeval en gemoor word, ons geminag word as

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

werkgewers vir werklose mense en ons eiendom as openbare besit vir almal se gebruik verklaar word.

Dit is 'n totale misgissing dat om rekenskap te eis as owerheid is 'n menslike mag wat volgens guns en onguns uitgeoefen kan word. In Genesis 9:5 stel God duidelik: "El sak rekenskap eis oor die lewe van die mens." Die regering kan nie hierdie dienaarskap in totale magsuitoefening verander nie. God sal self elke regering wat nie só dienaar is nie, self as verdryf uit die posisie om owerheid te wees. Hy sal alle mag van regerings wat nie rekenskap eis van slegtes nie, verniel en vernietig – en hulle mag ontnem deur alle voedselsekuriteit weg te neem.

Want God sorg vir saaiyd en oestyd tussen slegte mense, vir die landboubedryf tussen slegte mense, waardeur Hy alle mense voed!

God sal ons nooit oorgee en uitlewer aan die mag van slegte mense asof hulle met geweld kan besluit dat hulle goeie mense gaan straf en slegte mense gaan vrysprek van rekenskap oor hulle slegtheid nie.

9. Gaan God ons as sy kinders deur sy wet waardeur Hy rekenskap eis van slegte mense, verniel en aanval?

Dit is juis nie só nie!

Daarom wys Hebreërs 12 dat die mag wat Jesus Christus ontvang het aan die regterhand van God die Vader, is om vir ons die Begin en Voleinder van ons geloof te wees. Nie die ongeloof dat Hy ons vir ons eie slegtheid gaan aanval en verniel nie, maar vir die geloof dat Hy vir ons gekruisig is om ons vir God se diens heilig en volkome te maak en te laat wees.

Hierdie troon waarop die Here ons barmhartige Hoëpriester is om die offer vir ons slegtheid te wees, word beskryf in Openbaring 4: 3 as "om die troon was daar 'n reënboog. Hierdie reënboog is die reënboog wat wys dat die Here ons nooit weer met sy skepping sal aanval om te verniel en te vernietig nie. Die Here wat sorg vir die landbou, is die Here wat ons vir sy diens heilig en volkome wees, al is ons ook van ons jeug af sleg.

Ons leef tussen twee reënboë! Die reënboog in die natuur en die reënboog om die Here se genadetroon wat ons heilig en volkome vir sy diens maak, al is ons ook sleg van ons jeug af.

10. Wie tussen hierdie twee reënboë op aarde leef, sal soos Hebreërs dit stel, nooit moeg word en uitsak nie. Hiervan is Abraham volgens hoofstuk 11 ook 'n voorbeeld.

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

Abraham het geleef met die geloof in die belofte dat God as Skepper hom sal seën en nie sal aanval met sy skepping om hom te verniel nie. Hy het ook met die sekerheid dat hy vir God se diens heilig en volkome is geleef. Daarom kon hy wegtrek sonder om te weet waar hy sou uitkom en kon hy as vreemdeling, in 'n vreemde land leef met die sekerheid van die belofte van God dat God hom sal seën as Skepper van hemel en aarde.

Abraham het nie geweet waar hy in die lewe gaan uitkom nie. Hy het geen waarborge en vaste uitkomst gehad nie. Abraham het sonder enige mag tussen slegte mense as 'n vreemdeling gaan woon omdat God hom daarheen geroep het. Die sekerheid waarmee hy dit kon doen, was omdat Hy tussen twee reënboë geleef het op aarde: die sekerheid dat God sal oral en altyd saaityd en oestyd gee, en God sal sy diens vir Hom volkome en heilig laat wees.

Met hierdie sekerheid kon Abraham alle verliese in hierdie vreemde land tussen slegte en vreemde mense dra met die wete van God se goedheid en liefde. Die verlies van 'n gemeenskap met eie wetlike magte en kragte tussen vreemde mense, die tydelike verlies om kinders te hê, die verlies van die beste blyplek, die verlies deur diefstal van sy vee en sy seun Ismael en was hy selfs bereid om die verlies te dra van sy seun Izak as offer.

Hy kon verliese daar sonder om moeg te word en uit te sak vir dit waartoe God hom geroep het as dienaar. Want hy val nie rond tussen hemel en hel nie, maar leef tussen twee reënboë wat God se sorg en liefde bevestig.

11. Die druk waaronder ons in hierdie vallei moet leef is hoog en dit skep in ons die aanvoeling dat ons besig is om moeg te word en uit te sak, of dat daar so 'n moontlik is dat ons kan moeg word en uitsak!

Wat sal ons moeg maak en laat uitsak?

As ons moet aanvaar God is besig om ons met die krag van sy skepping, insekte soos blaaspootjies, swamme soos die op koejawels, hitte en koue, winter en somer aan te val om ons te verniel. Dan is ons regtig magteloos. Net so sal ons moedeloos en moeg word wanneer ons moet aanvaar dat God ons aan die magsdrome van Afrika oorgegee het, mag van slegtes sonder aanspreeklikheid. Want dan staan ons magteloos teen al die plunder, roof en moord. Nog meer, sal ons maar alles stil en gelate moet dra, moeg word en uitsak, want ons is ook maar net van daardie slegtes wat God met sy wet aankla en veroordeel.

Wanneer ons egter ontdek met God leef ons op aarde tussen twee reënboë, die sekerheid Hy sal altyd sorg vir boerdery met die krag van sy skepping en deur self rekenskap van slegtes deur die owerheid te eis, dan kan ons verliese dra met die vaste sekerheid van God se sorg en liefde.

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

Deur ons oog te hou op Jesus Christus die Here van hierdie twee reënboë, God van die natuur en Here van sy genaderyk, sal ons slap hande en lam knieë weer versterk en alles wat verliese veroorsaak en ons lam maak, nie uit lit raak en ons weer gesond word vir ons diens aan God.

Hy sorg dat saaityd en oestyd, boerdery, - voortgaan deur alles wat met ons in die natuur en gemeenskap gebeur!

12. Ons doop vanoggend vir Nienke Slabbert in hierdie land en gemeenskap wat ons onder die druk van aanhoudende verlies stel! Hierdie druk en verlies raak haar en elke ander kind wat in die kerk gebore word.

Is sy van geboorte af in die posisie dat God haar gaan aanval om haar te verniel met sy skeppingskragte omdat sy ook met slegtheid in haar gebore is? Is sy uitgelewer aan 'n land van magtige slegte mense wie haar mag en sal verniel terwyl sy dit net gelate sal moet aanvaar. om dan met die lewe moeg te word en uit te sak?

Dit gaan die hele tyd vir haar vertel word! God val jou aan met peste, siektes, droogtes omdat jy slag is en God sal jou met goddelike kragte en magte vervul wanneer jou tot bekering kom en ophou sleg wees. Dan sal jy in beheer van die skepping wees met God se kragte en magte in jou.

God gaan jou met sy wet aanval, aankla, veroordeel en straf omdat jy sleg is en slegte dinge doen, totdat jy goed word en goeie dinge doen!

God gaan jou lewe op aarde hel maak totdat jy goddelik word en so 'n hemelse mens is wat nie meer deel van die werklike aarde is nie.

13. Daarom doop ons haar!

Hierdie teken wys wie die Here vir haar gaan wees – die Begin en Voleinder van haar geloof dat sy tussen twee reënboë gaan leef, die reënboog van die Here in sy skepping en die reënboog om sy genadetroon as haar barmhartige Hoëpriester wat die enigste offer was om haar vir God se diens heilig en volkome te maak!

Hierdie doop wys met sy offer vir haar sonde, is sy vir God heilig en volkome, nie sleg nie. Is God vir haar die Skepper wat met alles wie Hy as Skepper is vir haar sal seën: Hy sal vir haar die aarde so 'n blyplek maak – saaityd en oestyd Hy nooit laat ophou nie. Hy sal hierdie aarde vir haar so 'n blyplek maak – die owerheid sal altyd van slegte mense rekenskap eis, God sorg daarvoor.

Die Here laat ons op aarde tussen twee reënboë leef, nie tussen hemel en hel nie

Daarom sal sy ook op hierdie aarde in hierdie land kan leef – al is leef sy in 'n vreemde land tussen vreemdes, sonder 'n gemeenskap met eie mag en eie reg. Want die Here sal haar vir sy diens behou.

Ons doop haar nie omdat sy moet goed word en goeie dinge moet doen nie. Sou ons dit doen, sou haar lewe rondval tussen hemel en hel! Nou 'n goddelike mens met die waan van goddelike kragte wat die skepping onderwerp en oorheers, nou 'n mens wat deur die hel van God se vyandskap gaan en verliese as oordele moet dra. Ons doop haar omdat die Here in haar hierdie geloof sal begin en sal voleindig – God laat my op aarde tussen twee reënboë leef!

Kom ons glo God vir die teken wat ons dra en nie die angs wat ons verliese in ons gemoed oproep nie!